



JAKARANDA e-KAMP VAKANSIE UITDAGINGS



Kursus / Aktiwiteit: e-Medemens

Voltooi die aktiwiteite / oefeninge / of soek die inligting. Hulp kan verkry word. Versprei dit oor die tydperk en doen eerder meer as die minimum. Indien daar iets is wat nie moontlik is in jou omstandighede nie, doen iets anders waartoe jy wel toegang het. Jy kan foto's neem terwyl jy besig is met die aktiwiteite en aanstuur vir ons, Jakarandakamp@gmail.com, om op **FB** te laai. Bo alles – GENIET DIT!

<p>DAG 1 Van vandag af, elke dag, gee vir elke lid van jou huisgesin / familie of die mense met wie jy nou huis deel 'n kompliment. Sê vir hulle iets positiefs.</p>	<p>DAG 2 Skryf 'n kort paragraaf in jou eie woorde, wie jou medemens is. Bepaal of daar enige verskil tussen naaste en medemens is.</p>	<p>DAG 3 Gesels met jou huismense oor die goeie en verkeerde invloede wat die volgende op jul lewens kan hê: Maats Musiek Partytjies Kleredrag Rekenaar Televisie Selfoon Internet</p>	<p>DAG 4 As jy nog 'n oma of oupa het, bel hulle en gesels bietjie met hulle oor die volgende: ⇒ Wat onthou hulle van hul jonger dae ⇒ Hoe beleef hulle die dinge van vandag ⇒ Wat maak hulle hartseer ⇒ Wat maak hulle bly ⇒ Wat is hulle grootste wens ⇒ Waarvoor droom hulle steeds</p>	<p>DAG 5 Vra vir die huismamma of -pappa of jy hulle vandag in en om die huis kan help. Probeer jou mede huisbewoners ook kry om dit saam met jou te doen.</p>
<p>DAG 6 Indien moontlik, gesels met jou spanmaats/skoolmaats om te hoor wat dink hulle van die volgende begrippe en hoe julle dink dit toegepas kan word in vandag se lewe: # Respek # Verantwoordelikheid # Bedagsaamheid # Gehoorsaamheid # Hulpvaardigheid # Kyk waar die begrippe in die Bybel gebruik en beskryf word Bespreek die inligting wat jy so versamel het met jou huismense.</p>	<p>DAG 7 Gebruik prente en woorde uit tydskrifte om voor te stel hoe jy in die volgende situasies moet optree om sosiaal aanvaarbaar te wees. • Wanneer jou selfoon in 'n geselskap lui. • Aan tafel saam met ander mense eet. • Jy 'n kompliment gee. • Jy 'n kompliment ontvang. • Jy deel is van 'n sportspan. • Wanneer jy in 'n geselskap praat. • Wanneer jy in 'n geselskap luister.</p>	<p>DAG 8 Maak hartjies uit afvalpapier wat in julle huis is. Versier die hartjies mooi en steek dit op verskillende plekke in julle huis weg. Die persoon wat 'n hartjie opspoor, moet vir iemand anders in die gesin 'n kompliment gee. Los die hartjies op hulle plekke vir die volgende paar dae om julle te help onthou dat ons mekaar moet liefhê.</p>	<p>DAG 9 Maak 'n collage van vier verskillende tipe gestremdhede. Kry meer inligting oor elkeen en skryf dit by die prente neer, asook wat jou optrede sal wees, sou jy so 'n persoon ontmoet.</p>	<p>DAG 10 Beplan 'n verrassings ete vir jou huisouers saam met jou mede huisbewoners. Maak vir jou huisouers 'n uitnodiging na die ete. Kies 'n tema, en almal moet daarvolgens aantrek. Bespreek hoe julle die tafel gaan dek, versierings ens. Werk 'n spyskaart uit.</p>
<p>AG 11 Vra jou huismamma en -pappa om die volgende met julle te bespreek: • Hoe ontstaan groepsdruk? • Is groepsdruk positief of negatief? • Hoe herken jy groepsdruk? • Hoe moet jy groepsdruk hanteer?</p>	<p>DAG 12 Vra toestemming of julle 'n tent in die tuin kan opslaan, en dan daar kan slaap vir die nag. Of maak 'n skuiling van komberse in die sitkamer. Vat speletjies saam om te speel, en lekkernye om te eet. Noem ten minste 5 positiewe eienskappe van elkeen in jou huis.</p>	<p>DAG 13 Soek 2 plekke in die Bybel waar daar van jou naaste gepraat word. Skryf dit neer, asook 'n verhaal waar medemenslikheid goed geïllustreer word. Indien moontlik, vra jou huismense om die verhaal saam met jou op te voer. Indien nie, vertel die verhaal aan jou huismense in jou eie woorde.</p>	<p>DAG 14 Hou daardie verrassingsete wat julle beplan het op dag 10. Onthou om alles netjies op te ruim voor en na die tyd. Maak die kombuis weer silwerskoon.</p>	<p>DAG 15 Vra jou huismamma en -pappa om die volgende met julle te bespreek: • Hoe ontstaan konflik? • Hoe voorkom jy konflik? • Hoe hanteer jy konflik?</p>
<p>DAG 16 Vra jou huisouers om 'n "Trust Fall" video op die internet te soek en doen dit met jou gesin. Maak seker almal weet hoe dit werk.</p>	<p>DAG 17 Hou 'n modevertoning, waar elkeen in die huis klere moet dra van verskillende ouderdomme, en geslagte. Julle kan ook 'n tema kies.</p>	<p>DAG 18 Gesels met jou huismense oor paasaweek. Wat dit vir julle gesamentlik beteken. Julle kan selfs jul eie nagmaal beplan dit saam gebruik. Die huisouers sal hier moet help met die beplanning.</p>	<p>DAG 19 Dink aan al jou maats wat jy nie kon sien vir die afgelope paar weke nie. Skryf vir elkeen 'n briefie, of maak 'n mooi kaartjie, om vir hulle te sê hoe baie jy hulle waardeer en gemis het</p>	<p>DAG 20 Dink terug aan die afgelope paar weke. Maak 'n lys van dinge waarvoor jy dankbaar is. Maak ook 'n "doen lysie" van dinge wat jy graag in die laaste paar maande van die jaar vir ander mense wil doen, sonder dat hulle daarvoor gevra het.</p>

Ons moenie verwaand wees, mekaar uittart of op mekaar afgunstig wees nie.-Galasiërs 5:26

Veels geluk!! Jy het die e-Medemens (gr 7) - aktiwiteit van Jakaranda Voortrekkerkamp 2020 se e-kamp suksesvol voltooi!
Ons hoop jy het pret gehad en ook iets geleer!